

# 8

## DOOP

# Doop ons op die regte manier?

### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet weet waarom ons kinders besprinkel by hulle doop.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS**

##### **Kennis**

Die ouers en kinders moet weet dat –

- ons met water doop.
- ons babas van gelowige ouers doop.
- die besprinkelingsmetode gebruik word.
- ons in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees doop.

##### **Gesindheid**

Die ouers en kinders moet –

- dankbaar wees dat hulle gedoop is.

##### **Vaardigheid**

Die ouers en kinders moet –

- in hulle eie woorde die betekenis van die manier waarop ons doop, kan oorvertel.

#### **MEER INLIGTING (Markus 1: 9-11)**

Ons het die gebruik in die Kerk om gewoonlik tydens 'n erediens die Doop te bedien. Ons het al in vorige lesse geleer wat die betekenis van die Doop is. Dit is ook belangrik om te weet waarom ons op 'n sekere manier doop. Jesus is die Lam van God wat vir altyd aan die kruis vir ons geslag is. Soos die priester in die Ou Testament op die groot versoendag die mense met 'n lam se bloed besprinkel het, so glo ons word ons vir eens en vir altyd met Jesus se bloed volmaak by die Doop besprinkel.

Omdat God ons uit genade, dit wil sê, sonder dat ons iets verdien, red, moet ons gedoop word. God het ons al uitgekies nog voor ons geboorte. Daarom doop ons babatjies van ouers wat in die Here glo. Kinders van gelowige ouers het ook deel aan God se genade. Wanneer 'n baba gedoop word, bevestig die Here dat die baba ook gered is.

In Markus 1: 9-11 lees ons van Jesus se doop. Johannes die Doper het vir Jesus in die Jordaanrivier gedoop. Jesus gee later self die opdrag dat almal wat in Hom glo, gedoop moet word. Wanneer ons doop, doen ons dit nie in 'n rivier nie. Ons doop in die kerkgebou, maar net soos met Jesus se doop, word water gebruik. Die water wat gebruik word, is 'n teken van die bloed van Jesus wat aan die kruishout vir ons gevloei het. Die water simboliseer Jesus se bloed. Dit is Jesus se bloed wat ons van ons sonde reinig. Die water wil ons herinner aan die bloed van Jesus. Dit maak nie saak hoeveel water ons gebruik nie. Daarom maak ons gebruik van die besprinkelingsmetode. Die dominee maak sy vingerpunt in die doopbakke met water nat en plaas dan 'n druppeltjie op die voorkop van die dopeling. Hierdie handeling word drie keer uitgevoer omdat ons in die Naam van die drie-enige God – die Vader, die Seun en die Heilige Gees – doop.

Met die doop in die Naam van die Vader word bevestig dat ons God se kinders is en dat Hy vir ons sal sorg.

Met die doop in die Naam van die Seun word aan ons bevestig dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons gered is. Ons sal ook saam met Hom vir ewig lewe.

Met die doop in die Naam van die Heilige Gees word aan ons bevestig dat die Heilige Gees in ons woon en ons elke dag nuut maak. Die Heilige Gees leer ons wat ons doop beteken.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Prente of foto's van 'n doopgebeure.
- Reël met die dominee om voor klas saam met julle by die doopvont bymekaar te kom en die Doopbediening te verduidelik.

## **KOM ONS BEGIN**

- Reël met die dominee om saam met die kinders by die doopvont bymekaar te kom voor julle klas toe gaan.
- Laat die dominee die metode van doop aan die kinders demonstreer.
- Gaan dan klas toe. Onthou, die ouers gaan saam.

Laat een van die kinders met gebed open.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle saam met hulle ouers die antwoorde uit die les gaan soek het.
  - o Wanneer is 'n mens deel van God se volk? *As jy glo in Jesus Christus, is jy deel van God se volk.*

- o Hoe het God met ons 'n verbond gesluit? *Jesus is vir ons gebore uit die nageslag van Abraham.*
- o Wat belowe God vir elkeen wat in Jesus glo? *Jou sonde word vergewe en jy ontvang die ewige lewe.*

- Kontroleer of hulle die vrae se antwoorde ken.

Wat is 'n verbond?	Wanneer 'n meerdere met 'n mindere 'n ooreenkoms sluit.
Wat was God se verbondsbelofte aan Abraham?	Abraham sou 'n groot nageslag hê, en 'n eie land om in te woon, en hy sou 'n seën wees vir alle volke. Dit het gebeur toe Jesus gebore is.
Wat moes Abraham doen?	Abraham moes slegs vir God aanbid en aan Hom gehoorsaam wees.
Waarom verander Abram se naam na Abraham?	Abram sou die vader van baie nasies word. Daarom verander sy naam na Abraham. Dit beteken <i>vader van baie</i> .
Watter geskenk gee God aan ons?	Die ewige lewe.
Hoe moet ons vir God dankie sê?	Ons hele lewe, alles wat ons sê en doen, moet 'n dankie wees.

Kontroleer of die kinders die antwoorde op die volgende vrae ken:

- Wanneer is 'n mens deel van God se volk? *Wanneer jy in Jesus glo.*
- Hoe het God met ons 'n verbond gesluit? *Hy het Jesus gestuur om vir ons sonde te sterf.*
- Wat belowe God vir elkeen wat in Jesus glo? *Sondevergiftis en die ewige lewe.*
- Wat is 'n verbond? *Wanneer 'n meerdere met 'n mindere 'n ooreenkoms sluit.*
- Wat was God se verbondsbelofte aan Abraham? *Abraham sou 'n groot nageslag hê en 'n eie land om in te woon, en hy sou 'n seën wees vir alle volke. Dit het gebeur toe Jesus gebore is.*
- Wat moes Abraham doen? *Abraham moes slegs vir God aanbid en aan Hom gehoorsaam wees.*
- Waarom verander Abram se naam na Abraham? *Abram sou die vader van baie nasies word. Daarom verander sy naam na Abraham. Dit beteken: "vader van baie".*
- Watter geskenk gee God aan ons? *Die ewige lewe.*
- Hoe moet ons vir God dankie sê? *Ons hele lewe, alles wat ons sê en doen, moet 'n dankie wees.*

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

- Laat een of meer van die ouers vir die kinders vertel hoekom die doop van hulle kind vir hulle so besonders was.

- Gaan voort met die volgende:
  - o Ons is gewoonlik opgewonde as daar babatjies in ons gemeente gedoop word. Die babas word mooi aangetrek. Ook oupas en oumas en ander familie en vriende woon die Doopgeleentheid by. Vir ons is dit 'n baie groot geleentheid waaroor ons God dank en prys.

### **IETS INTERESSANT**

Bring die volgende by die ouers en kinders tuis:

Die Hervormde Kerk gebruik die besprinkelingsmetode om kinders te doop. Dit beteken dat die dominee net sy vingerpunte natmaak in die doopbakkie. Hy plaas dan 'n druppeltjie op die voorkop van die dopeling. Hierdie handeling word drie keer uitgevoer omdat die kind in die naam van die drie-enige God – die Vader, die Seun en die Heilige Gees – gedoop word. Ander maniere van doop is nie verkeerd nie. Ons kies hierdie een omdat dit vir ons die betekenis van die Doop die duidelikste na vore bring. Dit is ook nie die hoeveelheid water wat 'n mens red nie, maar die geloof in Jesus Christus.

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders en ouers oor.

### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende in:

- Ons bedien gewoonlik die Doop tydens 'n erediens.
- Die Doop is 'n teken van die verbond wat God met ons sluit.
- Die Doop is 'n teken dat Jesus uit genade ons sonde wegneem sonder dat ons iets verdien het.
- God het ons al uitgekies nog voor ons geboorte – daarom doop ons babatjies.
- Wanneer 'n baba gedoop word, bevestig die Here dat die baba ook gered is.
- Jesus gee self die opdrag dat almal wat in Hom glo, gedoop moet word.
- Die water wat gebruik word, is 'n teken van die bloed van Jesus wat aan die kruis vir ons gevloei het.
- Die water is 'n teken van Jesus se bloed. Dit beteken:
  - o Dit is Jesus se bloed wat ons van ons sonde reinig.
  - o Die water herinner ons aan die bloed van Jesus.
  - o Ons gebruik die besprinkelingsmetode, want dit is nie die **hoeveelheid** water wat jou red nie.
  - o **Jesus red jou met sy bloed** – die water is net 'n simbool of teken. Dit maak nie saak hoeveel water ons gebruik nie.
- Ons doop in die Naam van die Vader, want ons is sy kinders, die Seun, want Hy het vir ons sondes gesterf, en die Heilige Gees, want Hy woon in ons en maak ons elke dag nuut.

### **IETS OM TE DOEN**

Deel die klas in twee groepe. Laat die ouers saam met hulle kinders die volgende vrae bespreek en antwoord. Help hulle reg waar nodig.

- Waar doop ons kinders? *Gewoonlik in die kerkgebou.*
- Waarop dui die water? *Dit is 'n teken van die bloed van Jesus wat aan die kruishout vir ons gevloei het.*
- Maak dit saak hoeveel water ons gebruik wanneer ons doop? *Nee.*
- Hoeveel keer maak die dominee sy vingerpunte nat met water? *Hoekom? Drie keer, want ons doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.*
- Hoekom doop ons in die Naam van die Vader? *So word bevestig dat ons God se kinders is en dat Hy vir ons sal sorg.*
- Hoekom doop ons in die Naam van die Seun? *So word bevestig dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons gered is.*
- Hoekom doop ons in die Naam van die Heilige Gees? *So word bevestig dat die Heilige Gees in ons woon en ons elke dag nuut maak.*
- Hoekom doop ons babas? *Omdat kinders van gelowiges ook in God se genade deel.*

## BY DIE HUIS

Laat hulle –

- gaan neerskryf wat hulle by die dominee geleer het oor die manier waarop ons doop.
- die feite gaan leer.

## AFSLUITING

Sluit af met Gesang 294. Lees eers vers 1, en gebruik verse 2 en 3 as gebed.

### Lees:

*Jesus roep die kindertjies;  
moet hul nie verhinder nie.  
Hy wil hul omhels en seën  
en sy liefde hul verleen.*

### Bid:

*Here Jesus, U alleen  
kan ons kindertjies só seën  
dat ons in ons harte weet:  
U sal hulle nooit vergeet.*

*Dankie vir genade, Heer,  
dankie dat ek van U leer;  
dankie dat u Woord en Gees  
mý ook laat gehoorsaam wees. Amen.*